YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# FORUM

www.forumtydskrif.co.za | Desember 2016

AfriForum Tydskrif



## VAT KORRUPSIE VAS

**AfriForum**
pak Malema oor haatspraak

**Bome**
geplant vir skoner omgewing

**Clive Derby-Lewis**
laaste eksklusiewe onderhoud

**Sakelui**
ondersteun Afrikaans-Vriendelik

**Tienpuntplan**
vir universiteite

ISSN 2313-1144
9 772313 114002
R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede

Kry jou *Tainted Heroes*-DVD in hierdie uitgawe



# AfriForum verklaar oorlog teen korrupsie

Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum

@kalliekriel

Onder die presidentskap van Jacob Zuma het korrupsie in 'n aggressiewe kanker ontaard wat vinnig versprei en besig is om die land op sy knieë te dwing.

Wanneer daar ernstige bewerings van korrupsie teen 'n staatshoof soos Zuma en ander prominente figure bestaan, is dit onafwendbaar dat korrupsie sal begin deursyfer na bykans elke samelewingsterrein. 'n Slegte voorbeeld deur leiers word vinnig en slaafs deur hulle volgelinge nagevolg. Daarom moet korrupsie as 'n saak van dringendheid op die hoogste vlakke getakel word.

Die nadelige effek van korrupsie is nog erger in 'n land soos Suid-Afrika met sy beperkte hulpbronne en groeiende eise vir maatskaplike hulp onder die bevolking. In Suid-Afrika betaal slegs 10% van die bevolking belasting, en dit moet die totale bevolking onderhou. Dit is reeds 'n onvolhoubare situasie wat net vererger word as die staatskas deur korrupte mense van skaars hulpbronne geplunder word.

**DAAROM MOET KORRUPSIE AS 'N SAAK VAN DRINGENDHEID OP DIE HOOGSTE VLAKKE GETAKEL WORD.**

Die stryd teen die korrupsie wat deur senior politici en hulle bondgenote gepleeg word, word ongelukkig gekniehalter deur die feit dat dele van die strafregstelsel nou onder die beheer van korrupte politici en hulle bondgenote staan. Die vermoede dat Shaun Abrahams, die nasionale direkteur van openbare vervolging (NDOV), polities aan die Zuma-kamp in die ANC gedienstig is, is verder versterk toe dit bekend geword het dat Abrahams onlangs met Zuma en sy binnekring by die ANC se hoofkantoor vergader het. Geen wonder nie dat Abrahams ook pogings teenstaan wat daarop gemik is om toe te sien dat Zuma van korrupsie aangekla word.

Om alles te vererger, word die NVG nie net misbruik om Zuma en sy bondgenote teen korrupsieklagtes te beskerm nie, maar word die NVG ook gebruik om namens die Zuma-kamp politieke binnegevegte in die ANC te voer. Die besluit om Pravin Gordhan, minister van finansies, oor onbenullige administratiewe aksies te vervolg, is 'n goeie voorbeeld hiervan.

Die feit dat daar nie teen hooggeplaaste korrupte persone met bepaalde politieke verbintenisse opgetree word nie, het AfriForum genoodsaak om nou self 'n verskerpte fokus op die stryd teen korrupsie te plaas. As eerste stap het AfriForum pas 'n teenkorrupsie-eenheid tot stand gebring. Monique Taute staan aan die hoof van dié eenheid. Taute en haar span sal 'n koördinerende rol speel deur onder meer korrupsie deur hooggeplaastes te identifiseer, toe te sien dat dit deur ervare ondersoekers ondersoek word en dat korrupsieklagtes ingedien word. Druk vir vervolging sal toegepas word deur die korrupsie in die openbaar te onthul en openbare veldtogte teen korrupsie te voer. Uiteraard is AfriForum nie daartoe in staat om alle korrupsiebewerings op alle vlakke te kan ondersoek nie en daarom fokus AfriForum se teenkorrupsie-eenheid spesifiek op korrupsie deur hooggeplaastes, waar korrupsie die grootste slag toegedien kan word.

AfriForum se teenkorrupsie-eenheid het reeds 'n vennootskap met die bekende forensiese speurder, Paul O'Sullivan, aangegaan om korrupsie te onthul. Die eerste vrugte van hierdie vennootskap is reeds onlangs gepluk toe AfriForum en O'Sullivan nuwe inligting onthul het van hoe Radovan Krejcir die strafregstelsel geïnfiltreer het deur korrupte amptenare om te koop. Lees op bl. 10 meer hieroor.

As tweede stap in AfriForum se stryd teen korrupsie word daar tans hard aan planne gewerk om binne AfriForum 'n vervolgingseenheid tot stand te bring wat privaat vervolgings kan aanpak. Dit sal AfriForum in staat stel om korrupte hooggeplaastes sélf te vervolg, sou die NVG weier om hulle te vervolg. 'n Aankondiging hieroor sal gemaak word sodra die grondwerk afgehandel is.

Die feit dat AfriForum nou in staat is om korrupsie op 'n nuwe vlak aan te pak, word uitsluitlik moontlik gemaak deur die steun wat die organisasie maandeliks van jou en ander lede ontvang. Dankie daarvoor!

Met jou steun is AfriForum nou in staat om 'n duidelike boodskap aan korrupte politici, korrupte lede van die strafregstelsel, korrupte besigheidsmense en lede van die onderwêreld te stuur, naamlik dat AfriForum oorlog teen korrupsie verklaar het!